# Aangetrek vir die lewe

## Moet nie sonder jou klere oorlog toe gaan nie....

Koos van der Merwe | Eden Gemeente | 19 Oktober 2025

Oor die volgende paar weke gaan ons saam oor 'n baie bekende gedeelte in die Bybel dink, 'n gedeelte waar die apostel Paulus vir ons raad gee vir die stryd van menswees. Om aangetrek te wees vir die geveg. Dit is raad wat ons sal toerus vir die alledaagse uitdagings, maar ook vir die dieper, onsigbare gevegte waarvan Paulus praat.

Maar voor ons by die "klere" kom, moet ons eers praat oor die weer. Of, in hierdie konteks, oor die geveg. Want jy trek nie 'n reënjas aan op 'n sonskyndag nie. Jy moet weet watter tipe omstandighede vir jou voorlê.

Hoe slimmer en sterker 'n mens se vyand is hoe gevaarliker is hy, maar as hy boonop onsigbaar is, 'n vyand waarvan jy nie weet nie, of wat jy onderskat, dan is die gevaar baie groter.

Dink aan koolstofmonoksied – onsigbaar, reukloos, maar 'n dodelike gas. Jy kan in 'n vertrek vol daarvan sit, gemaklik en onbewus, terwyl dit besig is om jou lewe te neem.

Ek lees van **Dennis Rader. (Amanda, kry 'n foto op die internet van hom.)** Miskien sal jy onthou, in 2005 was hy in die nuus. Agtergrond oor hom: Na skool is hy vir 'n paar jaar na die Amerikaanse lugmag, waar hy as stafsersant 'n eervolle ontslag ontvang het. In 1971, op 26 jarige ouderdom is hy getroud. Hy studeer verder, kry 'n BSC graad in kriminele reg. Hy word die voorsitter van die kerkraad in die Lutherse gemeente. Hy en sy vrou het twee kinders. Hy is uiters presies in sy werk. Maar in 2005 word hy in hegtenis geneem. Sonder dat sy gesin dit geweet het, het hulle vir dekades saam met 'n reeksmoordenaar in die huis gebly. Rader is skuldig bevind aan die moord op 10 mense tussen die ouderdom van 9 en 62. Ook poging tot moord op ander. Hy kry die naam “The BTK Killer.” BTK staan vir ‘bind them, torture them, kill them.” In die hofsake kom dit uit hoe wreed hy mense verwurg, versmoor, opgehang het. Hy het seksuele genot gekry uit wreedheid. En dit sedert sy kinderdae, toe hy nog net diere gemartel en doodgemaak het. Dennis Rader, The BTK Killer. In 'n gewone werk, 'n gewone kerk, 'n gewone pa, 'n gewone huwelik... En niemand het geweet nie.

Paulus sê ons leef in hierdie wêreld en daar is wrede vyande wat ons nie kan sien nie. En wat sommige mense ook nie wíl sien nie.

Dit is presies hoe baie mense hul geestelike lewe benader. Hulle leef asof daar geen geestelike stryd is nie, of asof dit net iets is vir uitsonderlike, “demoniese” gevalle, verwyderd van die gewone lewe. Ander leef weer asof hierdie geestelike stryd wel 'n realiteit is, maar dis minder subtiel, die geveg is nie soos invloede in jou gedagtes en gemoed nie, maar eerder inwonende bose wesens, demone, wat uitgedryf moet word, hoe hulle die stryd sien is byna magies. Orals is demone, in elke probleem, in elke skadu van die gemoed. Beide die ontkenning vna die aanslag van 'n letterlike bose vyand en die oorblemtoning en magiese verstaan is misleidend.

C.S. Lewis het hieroor gesê:

“There are two equal and opposite errors into which our race can fall about the devils. One is to disbelieve in their existence. The other is to believe, and to feel an excessive and unhealthy interest in them.” C. S. Lewis

In die Skrifgedeelte vir hierdie reeks skets Paulus ’n realiteit van ’n voortdurende stryd waarvoor ons moet voorbereid wees. Ons is elke dag, of ons dit besef of nie, in ’n oorlog gewikkel. Met ’n subtiele, wrede, geslepe vyand wat nie wag nie vir jou om gereed te wees voor hy toeslaan nie. Hy sal jou aanval op jou kwesbaarste punt, dikwels juis wanneer jy die minste daarop voorbereid is.

Kom ons lees ’n deel van ons Skrifgedeelte vir die reeks.

**Efesiërs 6:10-13, 18-20 (Nuwe Vertaling)**

10 “Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11 Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel. 12 Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug. 13 Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan….

18 Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges. 19 Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak. 20 Ter wille van hierdie evangelie is ek ’n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.”

Eerstens sien ons…

- **Die Realiteit van ’n Konstante Geestelike Stryd**

Paulus is duidelik, ondubbelsinnig. Hy wil seker maak sy lesers weet dat daar ’n onsienlike realiteit is en vanuit hierdie relateit is daar ’n aanslag op elke mens. Hy sê reguit in vers 12: "Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie…" Hy sê nie *dálk* is daar ’n stryd nie. Hy sê ons stryd, die een waarin jy en ek nou is, is nie wat dit op die oog af lyk nie. Dit gaan nie primêr oor die mense wat ons teëstaan, of die omstandighede wat ons frustreer nie. Dit gaan oor die onsigbare magte daaragter.

Jou lewe is ’n geveg. Oor en oor sê die Skrif dit.

**Jakobus 4:7**

Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug. (Stand immovable against the onset of the devil—NET)

**Hebreërs 12:4**

Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie. (Julle het nog nie so teen die sonde weerstand gebied dat dit vir julle ’n stryd om lewe of dood geword het nie.—NV)

**1 Korintiërs 9:26-27**

26…ek slaan soos ’n bokser wat nie in die lug slaan nie. 27Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie.

Die Bybel maak dit duidelik dat daar ’n onsigbare realiteit is. Dink aan die profeet Daniël. In Daniël hoofstuk 10 vind ons hierdie ou man, al in sy laat tagtigs, diep bekommerd oor sy volk wat steeds in ballingskap verkeer, al is hulle tegnies vry om terug te keer. Hy vas en bid vir drie volle weke. Van buite af lyk dit asof niks gebeur nie. Dit voel dalk vir hom sy gebede tref die plafon. Aanhoudende gebed sonder onmiddellike sigbare resultaat.

Dan, na 21 dae, verskyn ’n engel aan hom en trek die gordyn van die ware realiteit vir ’n oomblik weg. Die engel sê vir hom…

**Daniël 10:12-13**

12 Toe sê hy vir my: Wees nie bevrees nie, Daniël; want van die eerste dag af dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee en jou voor die aangesig van jou God te verootmoedig, is jou woorde gehoor, en om jou woorde ontwil het ek gekom; 13 maar die vors van die koninkryk van die Perse het een-en-twintig dae lank teenoor my gestaan, en kyk, Mígael, een van die vernaamste vorste, het gekom om my te help; en ék het daar oorgebly by die konings van Persië.

Terwyl Daniël op aarde gebid het, het daar ’n intense, kosmiese geveg in die hemelruim gewoed! Sy gebede was nie net woorde nie; dit was deel van ’n oorlog wat ’n direkte impak gehad het op die onsigbare. In ’n onsienlike sfeer, ’n geestelike realiteit hoër as die natuurlike, is die engel vir 21 dae teëgestaan. Die geestelike wêreld is die hoër werklikheid waaruit die natuurlike werklikheid kom, en waardeur wat in die natuurlike gebeur steeds bepaal word. Dink daaraan, baie van ons eie deurbrake word dalk vertraag deur onsigbare weerstand. Dis ’n herhaalde tema deur die Bybel: Goddelike ingryping kom dikwels ná volgehoue, desperate gebed te midde van teëspoed. Dit gee my moed, my gebede is nie nutteloos nie; hulle is kragtige wapens in ’n onsigbare stryd.

Paulus wys ons op…

- **Die Realiteit van ’n Konstante Geestelike Stryd**

en tweedens op…

- **Die Realiteit van ’n Gevaarlike Vyand.**

Die Bybel beskryf die duiwel as ’n persoonlike, intelligente, bose teenstander. ’n Heersende geestelike mag, ’n leier met onderdane, ’n uitgebreide netwerk wat sy saak propageer. Die beskrywings is dikwels metafories, om sy sluheid en gevaarlkheid te beklemtoon. ’n Brullende Leeu, ’n slang, ’n draak, ’n moordenaar, ’n leuenaar, ’n engel van die lig, ’n sterk man, die god van hierdie wêreld.

Kom ons kyk na hierdie beskrywings van die vyand.

Petrus waarsku ons teen **’n Brullende Leeu**. Persoonlik. Gevaarlik. Met ’n doel. Hy is nie net ’n gedagte of ’n mag nie; hy is ’n persoonlike entiteit met boosheid as sy wese.

**1 Petrus 5:8:**

Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.

Dink aan die beeld. 'n Leeu, honger, soekend na 'n prooi. Hoe anders kan die beeld as om 'n mens dringend te waaarsku: wees versigtig, waak, moenie dink jy is 'n uitsondering nie, jy sal vanself veilig wees nie. "Wees nugter, wees wakker," sê Petrus.

Die vroegste beeld is die van **'n Slang**...

**Genesis 3:1**

En die slang was listiger as al die diere van die veld wat die Here God gemaak het...

'n Slang... weereens gevaar, gif.

In Openbaring is die slang **'n Draak...** Asof die boosheid groter word, gevaarliker.

**Openbaring 12:9**

En die groot draak is neergewerp, die ou slang, wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei; hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.

Die slang is sinoniem met listigheid, die gif van misleiding en die aanstoker van ongehoorsaamheid. Die draak simboliseer 'n mag wat groot is, nie net op die individu gerig nie, maar op die hele bestel, die politiek, die kultuur, die sieninge van die ganse mensdom.

Jesus noem die vyand **'n Moordenaar...** Sy ware aard is vernietiging en dood.
**Johannes 8:44**

Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was 'n mensemoordenaar van die begin af...

Moet die stryd van die lewe nie onderskat of ignoreer nie, sê Jesus, dis 'n stryd vir lewe en dood.

En in dieselfde vers noem Jesus hom **'n Leuenaar...** 'n verdraaier van die waarheid.
**Johannes 8:44**

Hy... staan nie in die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuens spreek, spreek hy uit sy eie, omdat hy 'n leuenaar is en die vader daarvan.

En sy leuens is nie openlik nie, dis sluwe en subtiele misleiding, dikwels onder die dekmantel van iets goeds of aanneemliks. Selfs in die kerk, sê Paulus, is die Bose besig met sy ondergrondse aanval. Kan jy elke kerkleier vertrou? Ongelukkig nie. Dis die volgende beeld, die van **'n Engel van die lig**.

**2 Korinthiërs 11:13-14**

13Want sulke mense is valse apostels, bedrieglike arbeiders wat hulleself verander in apostels van Christus.

14En geen wonder nie! Want die Satan self verander hom in ’n engel van die lig.

15Dit is dus niks besonders wanneer sy dienaars hulle ook voordoen as dienaars van geregtigheid nie.

Jesus noem die bose ook **’n Sterk Man…** met formidabele en intimiderende krag en gesag…
**Lukas 11:21-22**

21 Wanneer ’n sterk man sy paleis bewaak, vol gewapen, dan is sy besittings veilig. 22 Maar as een wat sterker is as hy hom oorval en oorwin, dan neem hy al sy wapenrusting weg waarop hy vertrou het, en deel sy buit uit.

Hierdie metafoor erken die Bose se mag, maar ook dat daar Een is wat sterker is.

Paulus noem die vyand ook **Die God van hierdie Wêreld…** wat daarop dui dat hy deur die besluite, idees en donker drange en begeertes van mense in hierdie wêreld sy donker bose agenda vestig in die kulture en tradisies van die wêreld…

**2 Korintiërs 4:4**

…ongelowiges, by wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het…

En dan noem Paulus die duiwel ook **’n Listige Strateeg…** ’n waarskuwing teen ’n uitgeslepe, intelligente wese…

En dit bring ons by die derde realteit waarop Paulus ons wys…

- **Die Realiteit van ’n Konstante Geestelike Stryd**
- **Die Realiteit van ’n Gevaarlike Vyand.**
- **Die Realiteit van ’n Aanslag op jou Denke**

**2 Korinthiërs 2:10-11**

10…sodat ons nie deur die Satan bedrieg sou word nie; 11want ons is met sy planne (noēmata) nie onbekend nie.

In hierdie vers gebruik Paulus die woord:

**noēmata:** from **νοῦς (nous):** the mind, intellect, understanding, reason, thoughts, purposes, designs, intentions. It refers to the product of the mind

Jou gedagtes is die gevegsterrein. Dit is die stad wat die vyandige weermag aanval. Dit is die stad waarin hy sy spioene en agente vir propaganda plaas. In die spesifieke geval van 2 Korinthiërs 2 is Paulus besorg oor die gebrek aan eenheid en vergifnis in die gemeente. Satan het dit reggekry dat daar in mense gedagtes is van vyandigheid, bitterheid, selfregverdiging, veroordeling, aanklagte en teen-aanklagte. Die Bose was besig om met alle mag toe te slaan on die gedagte-oorlog te wen.

Om die geveg beter te verstaan, kyk weer na die vers in ons Skrifgedeelte van die reeks…

**Efésiërs 6:11**

Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae (methodias) van die duiwel.

Hier gebruik Paulus 'n ander woord as die noēmata van 2 Korinthiërs 2:2. Noēmata is die interne proses, die invloed in die gedagtes, maar kyk wat is...

**methodias: Meta:** after, behind. It implies a pursuit, a following after something. **Hodos:** a way, a path

In the New Testament, *methodeias* carries a negative and sinister connotation. It isn't just about a plan; it's about a *deceptive and cunning plan*. It points to trickery, craftiness, and scheming intended to ensnare or deceive.

Vanaf 'n gedagte na 'n hodos, 'n pad... 'n Fyn uitgewerkte roete. Terwyl 'n mens nie agterkom waarheen die pad lei nie... Die gedagtes wat jy huisves is daar gesaai met 'n doel, om jou besluite en optrede te begin bepaal, en so jou lewenspad, jou toekoms, jou bestemming...

**Spreuke 16:25**

Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood.

Hoe lyk hierdie bedekte aanslag? Die teoloog Dennis Kinlaw het dit só gestel:

"Satan disguises submission to himself under the ruse (voorwendsel, misleiding) of personal autonomy. He never asks us to become his servants. Never once did the serpent say to Eve, "I want to be your master." The shift in commitment is never from Christ to evil; it is always from Christ to self. And instead of his will, self-interest now rules and what I want reigns. And that is the essence of sin." Dennis F. Kinlaw

En daarom is elkeen van die gevegsterreine van ons lewe, 'n innerlike skaduwee in myself, in die wêreld van my denke, emosies, begeertes...

There are eight principal thoughts, from which all other thoughts stem. The first thought is of gluttony; the second, of fornication; the third, of love of money; the fourth, of discontent; the fifth, of anger, the sixth, of despondency; the seventh, of vainglory; the eighth, of pride. Whether these thoughts disturb the soul or not does not depend on us; but whether they linger in us or not and set passions in motion or not – does depend on us. (Abba Evagrius Ponticus, 345-399 NC)

Dis die skadu's in my eie wese. Dis wat binne skuil wat ek nie op my eie kan raaksien nie. Dis waarop God se lig vir die res van ons lewe moet skyn. Dis die werk wat begin met ons verlossing, om al hoe minder beheer te word deur ons eie skadu's, ons eie donker neigings.

Hier gebeur die oorlog in my, in dinge soos...

- **Vraatsugtigheid.** Om onmiddelike bevrediging hoër te ag as karakter, te leef vanaf een plesier na die volgende, gedagtes gevul met die roepstem van aptyte...
- **Hoerery (seksuele sondes).** Gedagtes oor seks. Om liggaamlikheid en my eie drange bo God se riglyne

te stel, en uiteindelik dalk selfs bo my my gesin, my huwelik...

- **Liefde vir geld.** Gedagtes oor sekuriteit en onafhanklikheid, oorvloed, mag. Die mag om te weet ek het niemand nodig nie. My eie behoeftes en ambisies kom eerste (en laaste). Ek kan nie gee nie, behalwe dalk vir my eie gesin, of as ek wel gee, gee ek om te beïndruk.
- **Onvergenoegdheid.** Geagtes oor wat ek verdien. Om te lewe sonder dankbaarheid. Om te glo ek verdien meer. Die leë honger in my wat nooit versadig sal kan word nie.

- **Woede.** Gedagtes oor ander mense. Woede is 'n groot skynheiligheid. Meestal het ek al soortgelyke dinge aan ander mense gedoen, maar dit wat aan my gedoen word is anders.
- **Wanhopigheid.** Gedagtes oor die toekoms. Die selfbejammerende vergryp aan moedeloosheid, negatiwiteit, pessimisme. Om toe te laat dat die bekommernisse, krisisse en verliese van die lewe die groot tema van my gedagtes word.
- **Verwaandheid.** Gedagtes oor ander se menings. aansien, status bewondering aanvaarding. Verslaafdedheid aan opinies. Om 'n slaaf te word van my eie valse beeld.
- **Hoogmoed.** Gedagtes oor my eie vermoëns. Die deel van my binneste wat nie wil buig nie. Wat nie aanhoudend erken hoe nodig ek God het nie. Wat nie wil vra nie. Wat nie wil bely nie. Wat neerkyk, en daarom nie kan opkyk nie. En omdat dit nie kan opkyk nie, dit eintlik die sonde binne in alle sondes is. Dit wat my weghou van oorgawe, vergifnis, berou.

Hierdie hele prentjie van ’n konstante, onsigbare oorlog klink dalk oorweldigend. Wie kan dit wen? Wie kan altyd gereed wees?

- **Die Realiteit van Oorwinnig**

Die eerste en belangrikste stap wat ons vandag kan neem om hierdie wapenrusting aan te trek, is eenvoudig om te erken dat ek in ’n oorlog is. Om nie die subtiele aanslae in my lewe te ignoreer nie. Sien dit vir wat dit is: ’n geestelike geveg. Om op te hou leef asof daar ’n skietstilstand is, want daar is nie.

En dit sal jou help om Paulus se opdrag vir oorwinning ernstig op te neem...

Paulus verseker ons ons kan die geveg wen, nie deur die vyand aan te val nie, maar deur na die groot Oorwinnaar toe te draai... En só bewapen te word. Ons maak nie vir vir onsself wapens nie, in gebed trek trek ons aan wat die Here reeds vir ons gegee het.

Luister weer na die heel eerste opdrag in vers 10-11, 18:

10 “Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag. 11 Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee...”

18 “Doen dit alles biddend en smeek God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig...”

Gebed is nie net nóg ’n stukkie van die wapenrusting nie; dit is die lewenslyn, die krag wat ons in staat stel om aangetrek te wees vir die stryd...

Onthou vir Daniël. Gebed was sy eerste reaksie, nie sy laaste uitweg nie. Ons sê so maklik: "Al wat ons nou

nog kan doen, is bid." Gebed is nie ’n laaste toevlug nie, dis ons voorbereiding vir die geveg en ons konstante energie vir die geveg.

Die engel sê vir Daniël, “van die eerste dag af dat jy jou hart daarop gerig het... is jou woorde gehoor.”

“Satan dreads nothing but prayer. The one concern of the devil is to keep the saints from praying. He fears nothing from prayerless studies, work, Christian activity. He laughs at our toil, mocks our wisdom, but trembles when we pray.” Samuel Chadwick

Elke keer wanneer jy bid vat jy die hande van die een wat die Bose oorwin het aan die kruis...Jou gebede is die krag wat die vyand se aanhoudende aanslag teenstaan.

**Romeine 8:36-39**

36Soos geskrywe is: Om U ontwil word ons die hele dag gedood, ons is gereken as slagskape.

37Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.

38Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge

39of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.